

**Skriflesing:** 1 Konings 3:1-15

**Teks:** 1 Konings 3:9a

**Sing-** Ps. 8:1,2; Ps. 9:1,7; Ps. 10:1,10; Ps. 18:11,13

**1 Konings 3:1-15**

- 1Ki 3:1** En Salomo het hom verswaer met Farao, die koning van Egipte; hy het naamlik die dogter van Farao geneem en haar in die stad van Dawid ingebring totdat hy met die bou van sy huis en die huis van die HERE en die muur van Jerusalem rondom klaar sou wees.
- 1Ki 3:2** Alleenlik het die volk gedurig op die hoogtes geoffer, omdat tot op daardie dae daar geen huis vir die Naam van die HERE gebou was nie.
- 1Ki 3:3** En Salomo het die HERE liefgehad deur in die insettinge van sy vader Dawid te wandel; hy het net gedurig op die hoogtes geoffer en rook laat opgaan.
- 1Ki 3:4** En die koning het na Gibeon gegaan om daar te offer, omdat dit die vernaamste hoogte was; duisend brandoffers het Salomo op daardie altaar geoffer.
- 1Ki 3:5** Toe verskyn die HERE in Gibeon in 'n nagtelike droom aan Salomo; en God het gesê: Begeer wat Ek jou moet gee.
- 1Ki 3:6** En Salomo sê: U het aan u kneg, my vader Dawid, 'n groot guns bewys, net soos hy voor u aangesig gewandel het in trou en in geregtigheid en in opregtheid van hart met U; en U het vir hom hierdie groot guns bewaar, dat U hom 'n seun gegee het wat op sy troon sit, soos dit vandag is.
- 1Ki 3:7** Nou dan, HERE my God, U het u kneg koning gemaak in my vader Dawid se plek; maar ek is 'n jong seun; ek weet nie om uit of in te gaan nie.
- 1Ki 3:8** En u kneg is midde onder u volk wat U verkies het, 'n groot volk wat nie getel of bereken kan word weens die menigte nie.
- 1Ki 3:9** Gee dus aan u kneg 'n opmerksame hart om reg te spreek oor u volk, om tussen goed en kwaad te onderskei, want wie sou hierdie talryke volk van U kan regeer?
- 1Ki 3:10** En dit was goed in die oë van die Here dat Salomo dit begeer het.
- 1Ki 3:11** En God het vir hom gesê: Omdat jy hierdie versoek gedoen het en nie vir jou 'n lang lewe begeer het en nie vir jou rykdom begeer het en nie die lewe van jou vyande begeer het nie, maar vir jou verstand begeer het om regsake te verhoor,
- 1Ki 3:12** so doen Ek dan volgens jou woord: Kyk, Ek gee jou 'n wyse en verstandige hart, sodat een soos jy vóór jou nie gewees het en een soos jy ná jou nie sal opstaan nie.
- 1Ki 3:13** Ja, selfs wat jy nie begeer het nie, sal Ek jou gee, rykdom sowel as eer, sodat onder die konings niemand soos jy sal wees al jou dae nie.
- 1Ki 3:14** En as jy in my weë wandel, deur my insettinge en my gebooie te onderhou, soos jou vader Dawid gewandel het, dan sal Ek jou dae verleng.
- 1Ki 3:15** Toe word Salomo wakker, en—dit was 'n droom! Daarop het hy in Jerusalem gekom en voor die verbondsark van die Here gaan staan en brandoffers gebring en dankoffers berei en 'n maaltyd vir al sy dienaars aangerig.

**Skriflesing:** 1 Konings 3:1-15

**Teks:** 1 Konings 3:9a

**Sing-** Ps. 8:1,2; Ps. 9:1,7; Ps. 10:1,10; Ps. 18:11,13

Broeder en suster, watter dinge is vir ons die belangrike dinge in die lewe? Wanneer ons oor die vraag mooi begin dink dan sal daar seker 'n baie lang lys antwoorde wees. Wanneer mens in jou hart die vraag moet antwoord dan sal 'n eerlike antwoord sekerlik wees dat ek gelukkig wil wees, ek wil suksesvol wees, ek wil welvaart kan beleef, werksgewys-akademies-gewys, beroeps gewys wil ek suksesvol wees en my sukses moet uitstaan... ander sal sê ek wil gelukkig getroud wees, ek wil die beste geleenthede vir my kinders kan gee, ek

wil genoeg geld hê dat ek kan doen wat ek wil doen en my nie oor my finansies hoef te bekommer nie. Ek wil dat alles rustiger in my lewe moet wees, dat ek gesond moet wees, so sal ons kan aangaan en aangaan. Party van hierdie dinge is natuurlik makliker bereikbaar as ander. Sommige is ideale, ander is wense, nog andere is maar sommer net drome daar vêr, wat ek in alle geval eintlik weet is nie haalbaar nie. Ek droom maar daaroor! Wanneer mens so oor jousef en jou toekoms en die mense naby jou, ook hulle toekoms, hulle ideale by jou en myne begin inweef dan raak die drome net groter en groter. Gestel u en ek sou vanoggend die grootste droom wat ons oor onself mag hê op die tafel mag sit, één groot droom, een groot ideaal, wat sal dit wees?!

\*\*\*

Ons praat met heelwat mense wat oor die toekoms van ons land en ons hoor ook heelwat mense wat oor ons toekoms baie dinge te sê het. Gewoonlik lê die meeste van die dinge op ekonomiese terrein, politieke terrein, maatskaplike terrein. Soos Dawie Roodt by verlede Saterdag se Kragdag-aanbieding, dan luister mense graag na wat hy sê. In watter opsigte hy graag sou wou toesien dat die politieke magte van landsregeerdes ingeperk word tot wat 'n regering veronderstel is om te doen en niks meer as dit nie nl. om te sorg dat 'n land 'n goeie weermag opbou, dat daar verdediging van landsgrense kan wees, die tweede terrein dat 'n regering sal sorg dat daar wet en orde binne-in 'n land heers en dat ons buitelandse verhoudinge gesond sal wees soos dat kontrakte en ooreenkomste en verhoudinge tussen lande vasgelê en goeie betrekkinge tussen lande mag heers en daar moet die politiek eintlik eindig. By regspraak en geregtigheid moet 'n regering hom mee besig hou, hierin is genoeg vervat om met niks anders besig te wees nie, want hulle wat die ander dinge moet doen, hulle wat tog ook 'n roeping het, moet hulle roeping kan uitvoer, sonder om deur 'n regering aan bande gelê te word, gediskrimineer te word of veroordeel te word.

Dinge wat regerings hulleself toegedig het nl. onderwys en kultuur en landbou en grondsake en poswese en tegnologie en uitsaaiwese en wat nog alles, ons land sit met van die meeste ministers en adjunk-ministers in portefeuljes wat so klomp geld kos maar daar is werklik geen verantwoordbare resultaat tussen wat insette is en die uitsette is eenvoudig skok op skok soos wat korrupsie en selfverryking en verpolitiserings hand oorhand toeneem. Hoe lank nog is 'n vraag wat beslis al hoe meer ons tipe vraag sal moet word... As gesonde verstand en verantwoordbare oorleg tog maar weer deel van ons lewe daarbuite kan word dan kan dinge anders wees. Mense wat 'n roeping het, dat hulle toegelaat word om te dink en te werk en te bestuur in waar God hulle geplaas het met die ideaal van om te doen waarvoor ek gawes

ontvang het. Soos iemand dit ook gestel het as iets die moeite werd is om te doen dan is dit ook die moeite werd om dit goed te doen. Dit was nogal die vroeëre eerste- minister DF Malan se kern leuse, soos wat hy dit by 'n onderwyser van hom gehoor het, Theuns Stofberg.

\*\*\*

Dit bring ons egter by wat bó alles staan wat ons tot hier gebring het. As ons as mense onder mekaar ons ideale en drome bespreek dan is daar nog altyd iets twyfelagtig, dit wat ek oor wonder sal dit tot vervulling kan kom. Voor God is dit 'n ander saak. Om teenoor die almagtige God wat hemel en aarde gemaak die gebeure aan die begin van die politiek en die regering van Salomo oop te maak, bring diepte en krag in wat mense nie kan bereik en nie aan mekaar kan gee nie. Kom ons dit wat Salomo oor gedroom het, hierdie droomwens van hom nader aan ons bring. Ons kyk hierna deur eerste te sien dat dit is 'n opvallende keuse. Tweedens hy maak 'n waardevolle keuse. In die laaste plek die onbaatsugtige diepte in die keuse wat hier gemaak is.

**Hierdie is 'n opvallende keuse:**

Dit val op dat Salomo niks van die dinge kies as wat ander mense in dieselfde omstandighede sou kies nie. Dit maak dit alreeds anders en besonders. Die Here weet wat ander mense as belangrik beskou. So noem die Here die dinge ook in wat mense so dikwels as uitgangspunt tot ware sukses en geluk beskryf. 'n Lang lewe, groot rykdom en dat my mag en krag, my invloed meer is en ek sterker sal wees as ander mense. Selfs dat ek my vyande kan uitoorlê en kan sorg dat hulle op hulle plek gesit word.

Ons moet onthou Salomo se regering staan hier nog in sy kinderskoene. Dit is heel aan die begin van sy koningskap waar sy vader Dawid sy troon aan Salomo oorgegee het en Salomo het dit aanvaar as dit kom van my pa af. So is hy dan op die troon en nou weet ons mense wat skielik baie mag verkry en dinge ontvang waaraan hulle nie gewoond was nie, hoe maklik word dit iets baie gevaarlik. So maklik om jou mag en jou posisie te misbruik. Noudat Dawid reeds gesterf het, sou Salomo, soos baie ander sou doen, hom verbeel ek sal kan maak en breek met die posisie waarbinne ek nou is. Veral weet ons in die Oosterse kulture maar ons sien dit ook maar by ons dat iemand se grootheid en invloed word baie keer nie gemeet in wat sy gawes en vermoëns is, die dinge waarmee hy besef hy mee toegerus moet word om sy roeping uit te voer nie, nee veel eerder werk ons as mense met die idee ek sal jou wys wat ek kan regkry, ek sal jou wys hoeveel mag ek het, ek sal jou wys my beurs en my krag is dikker en meer as dié waarmee ek te doen gaan kry.

Salomo laat voor die Here dit heeltemal in 'n ander rigting stuur. Hy wat maar nog 'n jongman was, seker in sy twintigs, as God Hom aan Salomo openbaar dan laat Salomo nie sy konings karakter eerste spreek nie, maar die gestalte van 'n dienskneg. So het Salomo homself voor God genoem- dat hy en sy vader wil knegte van die Here wees- *U het aan u kneg, my vader Dawid, 'n groot guns bewys, net soos hy voor u aangesig gewandel het in trou en in geregtigheid en in opregtheid van hart met U; en U het vir hom hierdie groot guns bewaar, dat U hom 'n seun gegee het wat op sy troon sit, soos dit vandag is* (v 6). Dadelik dan sien Salomo in vers 7 hom in dieselfde posisie as waar sy pa in was- 'n kneg van die Here, slaaf van die Here- dit is waar dit amptelik lê as jy iets voor God wil wees moet ek God wil dien, ek moet bereid wees om te dien i.p.v. om gedien te word... *7 Nou dan, HERE my God, U het u kneg koning gemaak in my vader Dawid se plek; maar ek is 'n jong seun; ek weet nie om uit of in te gaan nie.* Is dit nie aangrypend as 'n jongman homself so voor die Here stel nie.

Hy die kneg, die jong seun, die onervarene, maar hy besef hy het 'n groot roeping om te vervul, dit wat nou op hom wag is nie maar sommer iets wat vinnig afgehandel kan word nie. In Hebreeus staan hier eintlik iets van ek is maar nog 'n seuntjie, wat alles heenwys na die nederigheid waarin Salomo hom voor die Here stel. As Salomo sê van ek weet nie om uit of in te gaan nie, dan is dit die Hebreeuse taal se manier om te sê ek weet nog nie altyd mooi hoe om op te tree nie, my gedrag, my manier van hoe ek aan ander sal doen wat daar van my verwag word nie. Hy maak duidelik dat hy nog geen ervaring kon opdoen nie.

Dit alles waarin Salomo hom klein voel voor die Here maar Hy besef sy roeping is nie klein nie. Ek is klein maar ek moet koning wees oor 'n groot volk, eintlik voel hy hom nie oor die volk aangestel nie, maar midde die volk wat nie my volk is nie, maar God se volk, die volk wat God verkies het, wat so groot is dat Salomo voel om nou 'n sensus te doen, sal eintlik onmoontlik wees, 'n volk wat in menigte onberekenbaar groot is, hulle voel vir hom ontelbaar baie! Ons lees in 1 Kon 4:20 dat **20** *Juda en Israel was talryk soos die sand wat aan die seestrand is in menigte...*

\*\*\*

Wat Salomo se keuse so opvallend maak is egter die feit dat hy nie om krag en sukses en gewildheid vra nie (om 'n groot aanhang nie), nie om rykdom en status nie, maar wil hy 'n dienaar van God wees wat weet wat is reg en wat is verkeerd. Hy wil met die gawe van goddelike wysheid so ingestel wees dat hy in reg en geregtigheid nie in sy eie belang nie,

maar in die belang van die kerk van die Here, in die geval nog ook die volk van die Here genoem, sal optree. Hy moet kan beskerm en hy moet kan onderskei, daar moet goeie regspraak wees, al mag dit lyk daar is vrede moet daar steeds regspraak kan wees. Regspraak kan nooit ophou nie, in oorlog in vrede moet daar altyd regspraak wees.

Maar geliefde broeder en suster, in Salomo se besondere keuse, dit wat so opvallend is, het ook 'n tweede besondere element hierin meegewerk- dit is dan ook ons tweede gedagte-

**Die waardevolle keuse wat Salomo maak:**

Alles wat hy mag aanpak mag dit God se wysheid wees wat spreek. Daarom is dit vir ons besonders wanneer ons weer lees hoe Salomo dit alles van die Here vra, dan doen hy dit in die styl van 'n nederige gebed. Watter wysheid is daar in die gebed opgesluit. Dit val op dat Salomo hierdie dinge in die gebed vra maar tegelyk so waardevol dit wat hy dan vra. En dan gaan dit nie om die grootheid van sy eie troon nie, maar om die grootheid van God se troon. Die heerlikheid wat daar by God se troon is, mag God se heerlikheid in sy regering gesien word.

Wonderlik as 'n staatsman dit van God vra. Mag U heerlikheid ons land, ons mense, ons toekoms begroet. Waar vrede en reg mekaar met 'n kus kan begroet, daar is die koninkryk van God ter sprake. Dit is ook wat ons in een van die pragtige Psalms van die kinders van Korag lees- Psalm 85- *(85:11) Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar. (85:12) Trou spruit uit die aarde en geregtigheid kyk uit die hemel neer. (85:13) Ook gee die HERE die goeie, en ons land lewer sy opbrings. (85:14) Geregtigheid gaan voor Hom uit, en dit let op die weg van sy voetstaple.*

\*\*\*

Hoe kan 'n mens dit regkry dat vrede en reg met mekaar versoen word. Dit is wat ons by hierdie jongman Salomo in alle wysheid wat van God kom, moet raaksien. Hy vra aan die Here - *gee my 'n opmerksame hart om reg te spreek oor u volk...* In die Hebreeus is die woord vir opmerkzaam baie ryk aan betekenis. Dit kan nog meer letterlik vertaal word as gee my 'n LUISTERENDE hart. Nog meer letterlik gee my 'n horende hart dat daar horende regspraak kan wees. Dat 'n behoorlike regering met goeie regspraak in verband moet staan, dit aanvaar Salomo eintlik as eerste prioriteit, maar regspraak kan alleen plaasvind as daar in die hart iets gebeur, die hart ook van die een wat die regspraak moet beoefen. Die hart wat waarlik bereid moet wees om na die ander een te luister. As daar nie 'n luisterende hart is nie, as die hart nie opmerkzaam is nie, dan kan ons maar los.

Die luisterende hart moet natuurlik weet waarna om te luister. Dit wat waardevol moet wees is om nie te dink ek het al die antwoorde voordat die vrae nog nie gevra is nie. Eiewysheid en eiewilligheid is al twee karperde wat die opmerksame hart wil uitdruk. Hoe swaar is dit, dit maak mens moeg as jy werklik verlang dat daar regspraak moet wees, daar word verlang na uitkoms maar om werklik te luister is by niemand teenwoordig nie.

Om te luister is dan in die sin vóór dit wat later sal kom. Die praat volg ná die luister, dan eers kan daar gepraat word as daar behoorlik geluister word om dan werklik die regspraak te doen, om tussen goed en kwaad te onderskei. Dit wat Salomo se keuse opvallend maak, waardevol maak, ja albei lê opgesluit in die soeke na 'n opmerksame hart, 'n horende hart, 'n luisterende hart- maar dit bring ons ten slotte ook by die laaste aspek van Salomo se keuse-

**Dit is 'n onbaatsugtige keuse:**

Alles wat Dawid hier van die Here vra, niks hiervan is op eie gewin gebaseer nie. Dit gaan om dinge waarmee Hy die Here se volk, in ons geval die kerk, die beste mee kan dien. Daar is geen eiebelang, eie langtermyn ideale waarby hy weet dit eintlik net tot sy voordeel sal wees nie. Om te bid dat daar selfverloëning sal wees is waar dit ook om gaan. As ons na onself kyk, hoeveel dinge vra ons in ons gebede in belang van onself en dan dadelik hoeveel vra ek nie in belang van myself nie, maar juis in die belang van andere. Is daar werklik 'n balans tussen wat ek vir my vra en wat ek vir die Here vra Hy aan andere moet skenk. Weet ons werklik nog wat dit is om tot voordeel van andere te bid?!

Dit waarvoor ons mag reken, ons werk hard daarvoor, maar besef u ek moet hard werk dat ek ook in staat kan wees om te kan weggee. Om hard te werk dat ander ook in ons goeie resultate te laat deel. Broeder en suster, dit is evangelie taal, dit is waartoe God jou en my roep. As ons hierna nie luister nie, dan ken ons Jesus Christus nie waarlik nie. In alles wat Salomo vir die Here bid is Jesus die volmaakte inhoud daarvan. Onbaatsugtig, waardevol, opvallend was Hy in sy optrede, in sy werk, in sy woorde om te wys wat Salomo maar net kon vra. Daarom sluit ons hier af deur na Christus te kyk en ons besef Hy het geëindig net soos wat Hy begin het. Dit wat ons nie van Salomo kan sê nie. Om goed te begin is een ding, maar om goed te eindig is baie keer 'n nog moeiliker deel.

Al die mooi dinge wat hier van Salomo in sy jeug gesê kon word, hy wat hom voor God neersit, maak my nederig, maak my getrou, maak my opreg, hy het nie daarmee kon volhou

nie. Broeder en suster, alleen in Christus deur die krag van die Heilige Gees sal ons kan aangaan met waarmee Salomo begin het. Christus het die grootste rykdom wat daar kon wees verlaat om ons Verlosser te kon wees, terwyl Salomo het buiten dit wat hy so opvallende, waardevol, onbaatsugtig van die Here gevra het, het hy toe boonop 'n rykdom ontvang wat nie net vrede en geregtigheid dien nie, wat nie alleen die regspraak waarlik reg laat seëvier het nie. Ja die twee vroue met die een kindjie in die res van hierdie hoofstuk bewys wat ons sê, wat God deur wysheid en regspraak vermag, maar dan moet ek ontvang 'n luisterende hart, anders los maar om te dink ek dien God se koninkryk, ek dien God se reg.

God se reg, God se koninkryk se begin en einde is dieselfde, nl. doen wat goed is in die Here se oë, sien Christus in alles raak, al hang Hy aan die kruis, dan praat Hy namens andere. Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie... Hy praat namens die vrou wat op aarde sy ma moet wees, Hy gee haar oor aan Johannes... *Vrou daar is u seun, seun daar is u moeder...* Ja, waarlik wie seek na 'n opmerksame hart moet sy soektog by Jesus laat begin en in Christus laat eindig. Verder kan ons nie seek nie, want Hy is alles wat ons nie kon wees nie, regverdig, heilig, wys, in alles ons voorbeeld maar om ons te verlos dat vrede en geregtigheid ons mag omring, omdat dit reeds in Christus één is.

AMEN